

30 Januarie

Skrifgedeelte: Johannes 1:19-34

Fokusgedeelte: Johannes 1:29

Die oog gerig op die finale feesdag

Die fees der feeste word aangekondig. Die Nagmaalsfees is in wording en Johannes die Doper is die aankondiger daarvan.

Johannes is besig om te preek en mense te doop in Betanië, by die Jordaan. Hy is besig met die proselietedoop, 'n doop om gelowiges vanuit die heidendom tot die verbondsvolk te voeg. Vir die Fariseërs was dit ondenkbaar dat iemand wat nie aansien het nie, heidene kan doop, en daarom konfronteer hulle Johannes oor sy bevoegdheid om te doop. Hulle vra of hy dan Elia of die Profeet is. Johannes verklaar dat hy nie die Christus is nie.

Die volgende dag, terwyl Johannes weer besig was, sien hy vir Jesus in die skare en kondig vir almal aan: Daar is die Lam van God. Hierdie uitdrukking wat vir ons so bekend klink, was in daardie dae volgens beskikbare getuieis nie bekend nie. Hierdie bepaalde uitdrukking kom net hier (vs 29 en 36) in die Skrif voor. Die uitdrukking herinner ons aan die lam wat by die Paasfees geslag word. Die bloed van hierdie lam aan die deurkosyn het die dood afgeweer, maar was nie 'n plaasvervangende offer vir die sonde nie.

Hierdie Lam van God, deur die Almagtige God self voorsien, het met die gee van sy liggaam en die stort van sy bloed, deur sy kruisdood die sonde wegneem en ook die dood afgeweer vir almal wat in Hom glo. Ons herdenk hierdie gebeurtenis met die viering van die Nagmaal wat weer heenwys na die Bruilofsfees van die Lam (Openb 19) waar ons, die kerk, die bruid sal wees.

Vier hierdie fees uit die hart, met die oog gerig op die Lam totdat die finale feesdag eersdaags met sy weerkoms sal aanbreek!

Sing: Skrifberyming 5-3:1

Dr Frans Minnie

